



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

IS PAGANISM E NOU 'GOD' IN SUID-AFRIKA? (sien p.p. 3 e.v.p.)

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ✂ Christelike opvoeding
- ✂ Christelike Onderwys en
- ✂ Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk” (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis”. . . (Spreuke 1:7).

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het” (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

Pastoor H Giesen

Sekretaris-generaal van die Duitse “Kirchentage”, 1959

Matthéüs 16: 21; 1933/53-Bybelvertaling

“Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word.”

(N.V.: “Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word.”)

“Ek gee julle 'n kort teks vir julle padkos vorentoe.” So het die prediker sy preek begin op die dag toe ek belydenis van geloof afgelê het. Omdat dit so kort was, het ek dit onthou. Net drie woorde. Dit was: “Christus moes ly.”

Volgens die teks wat ons hierbo aangehaal het, is dit wesenlik wat Jesus gesê het. Hy moes na Jerusalem toe gaan om daar veel meer te gaan ly. Daar was geen ander uitweg nie – daar was geen makliker “ontsnappingsroete” nie. Wat met, en in, die mensdom gebeur het kon op geen ander wyse reggemaak word nie. Móés Hy werklik? Was daar werklik geen ander uitkoms moontlik nie? God is tog almagtig ... So 'n ontsettende lyding was tog nie werklik noodsaaklik nie ...?

So beredeneer en rasionaliseer ons moderne mense mos die Paas-

gebeure. Ons sê: Die mensdom is tog nie regtig só verdorwe dat dit Jesus na die vloekhout moes dwing nie!

Nouja, so sleg staan dit juis presies met die ganse mensdom en sy sondelas! Die Bybel toon hierdie omvang van ons sonde nie aan deur 'n katalogus daarvan op te stel nie. Ons goddeloosheid word nie letter vir letter beskrywe nie, maar die feit van die kruisiging wys glashelder hoe reddeloos erg dit met die verlore mens gesteld is, en was!

So 'n ontsaglike liefdesoffer toon aan ons – duideliker as wat enigiets anders ooit kan – hoe diep ons

Vervolg op bl 2

IN HIERDIE UITGAWE


- Dr. Peter Jones 3-5
- Kongresindrukke 6-7
- Moord 8
- Onskuldige (?)
dwaasheid 11
- Belangrike boeke 13-14

Kongres 2006

Die kongres oor moraliteit het op 11 Maart in Pretoria plaasgevind, en die afloop daarvan kan as hoogs geslaagd bestempel word. Die drie referente se onderskeie onderwerpe het goed by mekaar aangesluit om 'n sinvolle geheel te beslaan. In die eerste daarvan het dr Durand op die nalatenskap van die postmodernisme gekonsentreer, met ván die vraagstukke wat dit meebring het. Terselfdertyd het dit duidelik geword dat die postmodernisme met sy universalistiese beskouing in bepaalde sin die omstandighede vir die intrede van moderne paganistiese verskynsels veroorsaak het. Dr Jones het die verskynsel van die uitwissing van die godgewilde verordening van geslagtelikheid behandel, deur die aandag op die voorkoms van homoseksualisme en die androgiene seksuele oriëntasie van die mensgewilde samevoeging van twee geslagte in een persoon te vestig. In beide hiervan, soos deur hom verduidelik, word die onderskeiding van manlik en vroulik opgehef, ten gunste van 'n individualisering van seksualiteit wat op óf geslagsvoorkeur óf geslagsamesmelting uitloop. Hierdie perverteringe van seksualiteit het nie net fisiologiese nie, maar ook psigologiese implikasies betreffende die mens wat na die beeld van God geskape is. **In die referaat van mnr Ventrella is die Bybelse weergawe van moraliteit voorgedra as antwoord op 'n paganistiese lewenshouding. Die wese daarvan is 'n onverdeelde liefde tot God met hart en verstand, wat meer is as net die aflegging van 'n sondige lewensinstelling. Die groot saak waarom dit hierin gaan is die denkwêreld van die mens. Dit word vergelyk met 'n 'geestelike vesting', waarin óf die Waarheid óf die Leuen woon. Volgens 2 Kor. 10:4 - 5; 1933/53-vertaling moet die skanse wat teen die kennis van God opgewerp word, verbreek word, en elke gedagte gevangene geneem word in gehoorsaamheid aan Jesus Christus.**

In hierdie uitgawe word, vanweë die aktualiteit van die saak, die eerste gedeelte van dr Jones se referaat oor die "nuwe seksualiteit" gepubliseer, wat in 'n volgende uitgawe opgevolg sal word.

Vrystaatse Pro-Lewe Netwerk

Hierin verskyn ook 'n verslag van 'n colloquium oor die kerke, aborsie en die reg, wat kort na die kongres in Bloemfontein plaasgevind het, en waar belangrike besluite geneem is. Benewens die kerke, het verskeie organisasies wat met aborsie in die samelewing gemoeid is, daaraan deelgeneem. Een hiervan is die instansie bekend as die Vrystaatse Pro-Lewe Netwerk, wat deur dr Oosthuizen verteenwoordig was. Dit is een van vele ander wat hulle vir die beëindiging van die aborsie-praktyke in Suid-Afrika beywer. Op bl. 8 verskyn 'n bydrae oor gemelde instansie en die oproep daarin aan betrokkenes. 

Vervolg van bl 1

weggesink het van die wil van God af: met enigiets minder as hierdie volle beker van lyding en leed en bloed kon geen mens gered word nie! CHRISTUS MOES LY. Wie dit ontken het sy eie toestand nog nooit ontdek nie, en gooi God se liefde terug in Sy gesig.

Laat ons bid: Gekruisigde Here, gee tog aan ons om daagliks U liefde beter te verstaan. Alleen dan sal ons kan begin om onself beter te herken vir wie ons is. Want ek is so, Here, dat my lewe vir U, U lewe gekos het! Maar U is so, dat U U lewe vir ons mense se redding wou offer. Geloofd sy U, Here Christus, tot in ewigheid.

Amen



Wat "Opvoeding" is

('n Vrye weergawe van prof. Dr. J. Chris Coetzee in "Die Ossewareeks", No. 2, 1940) - C. Bester

Die kinders wat die Here aan die mens gee, is by hul geboorte hulpeloos en hulpbehoewend. Die ouers moet die kind na die liggaam versorg; hulle moet die kind oppas en voed. Sonder die ouerlike versorging en voeding sal die jong kindjie nie lank kan lewe nie. Maar die ouers moet ook die kindjie geestelik versorg; hulle moet die kindjie opvoed. Voeding is onontbeerlik vir die liggaamlike grootwording van die kindjie, en so ook opvoeding vir die geestelike grootwording.

Onder "opvoeding" verstaan ons dan veral die geestelike versorging van die kind (of onvolwassene) deur die ouer (of volwassene). Letterlik beteken die woord "opvoed" eintlik "opvoer", "na bo lei", "oplei", en hierdie letterlike betekenis moet ons handhaaf, omdat dit vir die gelowige so 'n mooi inhoud het. Die werk van die opvoeding is om die kind "na bo te lei"; en dit kan ons ook oordragtelik stel as "na Bo te lei". Die letterlike betekenis gee vir ons dan ook die wesenlike doel van die opvoeding aan: die kind lei tot God.

Die opvoeding is dus 'n werksaamheid van die ouers of volwassenes, waardeur die kind of onvolwassene na bo gelei, opgelei word. Dit is dus 'n werksaamheid wat tenminste twee mense veronderstel: 'n rype en 'n onrype, 'n grootmens en 'n kind. En dit is 'n werksaamheid met 'n bepaalde doel: opleiding, na-bo-leiding. Dit is 'n werksaamheid met 'n bepaalde uitgangspunt - die onrypheid, hulpbehoewendheid van die kind - en met 'n bepaalde doelpunt - "opgeleid wees", ryp wees, volwasse wees, groot wees. Die opvoeding

is dus 'n planmatige, doelgerigte en doelbewuste werksaamheid, wat die ouers is ook bewus waarheen hulle die kind wil en moet lei.

Die opvoeding veronderstel nie net die noodsaaklikheid daarvan nie, maar ook die moontlikheid. Die kind is nie net hulpeloos en hulpbehoewend nie - en daarom die noodsaaklikheid van opvoeding - maar dit is ook vatbaar en geskik vir die opvoeding - daarin die moontlikheid van opvoeding. In die moontlikheid van opvoeding lê opgesluit die gedagte dat die kind deur die "opleiding" steeds verander, groter word, groei. Daarom lê daar in die begrip "opvoeding" ook vervat die gedagte van "wording" en wel so: die grootmens gee aan die kind die opleiding, die vorming, die versorging, die opvoeding; en die kind ontvang die opleiding, die opvoeding, met die gevolg dat hy groot word, groei, ontwikkel. Die opvoedende werksaamheid het dus eintlik twee kante: die leiding van die grootmens aan die kind en die wording, groei van die kind. Onder die "opvoeding van die kind" moet ons dus verstaan die "grootwording van die kind onder die opleiding deur grootmens".

Ons kan ook sê: Die kind is 'n "vakleerling", deur niemand minder nie as God self ingeskryf by die twee "gekwalfiseerde vakkundiges" naamlik die ouerpaar. Hulle moet vanuit hulle kennis en ervaring aan hulle kind die kuns van lewensvaardigheid tot eer van God demonstreer en leer! God eis (vgl. die Doopgelofte, o.a.) van die Verbondsouer om self 'n voorbeeld voor te leef en om toe te sien dat die kind van kleins af daardie voorbeeld navolg.



The new sexuality as determined by it's worldview: implications (of for instance feminism, homosexuality) for the family, education and the church

- Dr Peter Jones

(Dr Jones se artikel word in twee dele geplaas, vanweë die lengte daarvan. Die eerste gedeelte verskyn in hierdie uitgawe, terwyl die tweede in die volgende uitgawe sal verskyn – Red.)



Dr Jones van die VSA wat oor die nuwe seksualiteit gepraat het, tydens die VCHO-kongres in Pretoria.

I am going to try talk to you about the present changes in the conceptions of sexuality and place these notions within this developing new, what I have to call, PAPAN WORLDVIEW. It's important for Christians to be able to give names to things. When we don't have categories we are not really able to confront issues, and I want to try to give you some categories whereby we can indeed understand the decomposition of the notion of sexuality in our modern cultures – very interesting for me. I have travelled all over the world and now live in Southern-California to observe that the same changes that I have been noting in North-America and then in Europe and in South-America are happening here in South-Africa. I imagined that you have a sort of little GHETTO where you did not have to deal with some of these things, but it is very clear that we are in a global culture, and what is felt on one side of the planet is immediately experienced on the other side of the planet.

Here's a way of raising the question of what is happening in sexuality today: "Why is the Mona Lisa smiling"? Dan Brown, the author of the *Da Vinci Code*, *HIS FAMOUS SON*, a very successful novel, gives us the answer. He says that the Mona Lisa is actually 'Leonardo in drag' – for those of you who don't know that term in English, it is actually Leonardo Da Vinci dressed as a woman. Is he being funny? No he is not, he is making a serious point. In his well-known novel he says: "Leonardo wishes to present to us a Mona Lisa that is neither male nor female, but a fusing of both". That's an odd notion for sexuality. Why would one be interested in the fusing of masculinity and femininity? I spent eighteen years in France where we would always say: "Viva la difference!". The French are known for the celebration in romantic love of the differences between males and females. But here is a sexuality being presented to us in a way which we are not used to looking at. It is very odd, it is strange, it is not something we have encountered. I was surprised to find this in a book by a Jungian psychologist. Those of you who know Jungian psychology perhaps will not be surprised. However, June Zinger, who was raised in a Jewish home, who became a Jungian psychologist – and I suppose in a very logical progression of change – became a gnostic. She actually has written commentaries upon the gnostic text we found in 1945. But in 1977 she wrote a book with this title: *ANDROGYNY: TOWARDS A NEW THEORY OF SEXUALITY*. Let me remind you what androgyny means: *andros* = man + *gune* = woman. Androgyny

means: the blending together of both male and female in one person. Why would we need a new theory of sexuality? She wrote this book in 1977 when not many of us were even aware of this notion and have not seen any changes on the landscape of sexuality. So she was being very prescient, prophetic in what she's writing. How did she come to this notion? She says that the coming *Age of Aquarius* is indeed the *Age of Androgyny*; it is a *New Age of liberation*, of spiritual satisfaction – the Aquarius figure is the bringer of water to a sway of spiritual thirst. According to this kind of people, the *Age of Aquarius* is the *Age* that succeeds the *Age of Pisces* according to the Zodiac. These ages are 2000 years in length. The *Age of Pisces* is ebbing away. *Pisces* means: the fish - for many years the sign of Christianity. The *Age of Aquarius* is succeeding the *Age of Pisces*. This *Age*, she says, will be the *Age of Androgyny*. However, she is quite aware that *Androgyny* is not something new as a sexual choice. She says that the 'archetype' of *Androgyny* appears to us as a witness to quote the primordial cosmic unity. She says that *Androgyny* is a witness to the primordial cosmic unity. She actually calls it "Sacrament of Monoism". Some of you will know what *Monoism* is, some of you don't. It is the theory of *one'ness*. And she says: *Androgyny* as this witness to *one'ness* seeks to erase distinction. She adds this note: she was almost totally expunged by the JUDEAN-

Vervolg op bl 4

Vervolg van bl 3

CHRISTIAN-TRADITION and the PATRIARCHAL NOTION of God. So she is aware that this notion of *Androgyny* has been around for a long time, she actually goes back to Ancient Greek times. We must look, she says, towards a whole new way of being – so going back to ancient times now, to come back to have a whole new way of being – no longer as exclusively masculine or feminine but rather as ‘whole-beings’ in whom the opposite qualities are ever present. So the joining of the opposites, the erasing of distinctions, is actually essential in this new understanding of the self. This is all very theoretical, but I am convinced of this: the homosexuality that you are facing here in South Africa, as in all the world right now, is a form of *Androgyny*.

A homosexual inevitably in a homosexual relationship must be in mind and body both male and female; so that homosexuality becomes the practical expression of this theory of *Androgyny* for more and more people in our world of today. We don't look at homosexuality this way – many of us tend to think that it is a biological condition, other than that it is a psychological condition, and I won't go in to that conditions except to say that to my knowledge there has been no biological study that has proved that there is such a thing as a homosexual-gene. I know that Anton Willday who was the so-called homosexual researcher and came out with a theory about the gland in homosexuals that was different, had to come back on his theories and actually pronounced that he was wrong – that is the one and only biological study that has been ever put forward to defend homosexuality as a biological condition.

I'm in touch with some very experienced psychologists. One of them, Joseph Nicolai, called me a few months ago and we spoke on the telephone. He has written an excellent book with Intervarsity Press, and if you are interested in the subject of homosexuality I don't know of anything better. He has

been counseling homosexuals for 20 years and he has been helping homosexuals change their lifestyle. The book is entitled: *A PARENT'S GUIDE TO PREVENTING HOMOSEXUALITY*. He said that 95% of the homosexuals that come to his office for counsel are being helped out of homosexuality – in other words it is an unstable state. He treats homosexuals. In 1963 homosexuality was declared a mental illness in the USA, just ten years later homosexuality was eliminated from the list of psychological illnesses and recently homosexuality was eliminated from the list of subjects for research or even debate. This has been a political issue as some of these well-known psychologists have been marginalized.

I want though to look at homosexuality not from the point of view of psychology and certainly I cannot give you a serious account of all that has been done in terms of biology, but I want to look at homosexuality from the point of view of spirituality. There are few people actually looking at homosexuality from its spiritual implications which frankly I find somewhat disturbing, because how many young people do you know who are being told, influenced, to think of themselves as homosexuals – without any sense that there may be spiritual implications down the road. I think it is a disaster for young people to be allowed to experiment with these kinds of things without warning them of the spiritual dangers they run. How would I go about establishing the spiritual elements of homosexuality? My way of doing it is actually to read many of the leading homosexuals' citations who have also considered this spiritual side. I have a number of citations here of leading gay theorists who argue that gay people function as catalysts to actually change society in a good direction. One says being gay is more than setting up house, sleeping with a person of the same gender, and seeking state-approval for doing so. Being gay means pushing the parameters of sex, sexuality and family, and in the process transforming the very fabric of society. In other words the agenda

is not simply personal rights, as Dr Durand was saying that people like just to do what they want to do. There is also the effort to transform society; to absolutely change the way we all think about sexuality.

I will get back to statements by homosexual leaders about spirituality. But I noticed that the rise of homosexuality in the modern time accompanies the rise of *Neo Paganism*. It seems as if they both come and fall away at the same time. Actually I would suggest to you this, that if we are in the process of seeing the rise of spiritual *Neo Paganism*, which I believe we are and I hope to show you that, then homosexuality will be at the top of the agenda of *Neo Paganism*, and that it will not go away; in fact it is the final taboo of sexual transgression that must be normalized, and celebrated in order for *Neo Paganism* to take its dominant place in the society.

I'm going to change the focus a little bit. I'm trying to do a number of things in this lecture. I want to talk about sexuality, but I want to place it in the context of the rise of *Neo Paganism* and I want to give you some sense of what I mean by *Neo Paganism*.

Paganos means: of the earth – and for a long time people had known that Pagans worship the earth. We understood Pagans as a very small category of very strange spiritual people – having to do with witch-craft, or with celtic practises, and sort of on the margins. But those kinds of people actually represent a massive worldview that is taking possession of the modern society and so I willingly use the term *Neo Pagan* for a much broader category of people than those odd kinds of spiritualities normally included under that rubric.

I never thought that I would see in the sophisticated cultures of our time the rise of polytheism – that is the worship of many gods. When I observe the North-American culture I am tempted to think that we are back in the days of Jeremiah who says in Jeremiah 11: 13: “For your

Vervolg op bl 5

Vervolg van bl 4

gods have become as many as your cities, O Judah, and as many as the streets of Jerusalem are the altars you have set up to shame, altars to make offerings to Baäl!" That happened in Israel – it is happening in our modern societies.

When I went to the United States in 1964 I studied theology and I was obliged to study a particular kind of theology – just to know what it was all about – called the 'Death of God theology'. I was impatient with this material; I thought why should I be wasting my time studying these theories wanted by exentric liberal theologians, announcing that man had become of age and we no longer needed the God-High proposals. I was sure that the 'Death of God theology' would go away like all these strange fads. Much later, indeed just a few years ago, I discovered a book by one of these 'Death of God theologians'. It came out just a year or so after I had given up the study of this movement and it had as its title: *THE NEO POLYTHEISM – THE REBIRTH OF THE GODS AND GODDESSES*. It suddenly struck me that actually what the theologians of the late 60's and early 70's were proposing at the death of God was actually not the death of the notion of the devine, but the death of the God of the Bible as having any rightful claim of place in modern society. It was the inclination of the God of the Bible but not the notion of spirituality and divinity since he in this book makes this statement: at the funeral of the death of God we shall see the rebirth of gods and goddesses of Ancient Greece and Rome. He said that in 1974 – that also was prophetic it seems to me, because I had no idea of that and I'm sure not many of you. How could a man who was associated with this 'Death of God theology' have such an insight in to where the culture was going to go. When I got back to the United States with my family in 1991 I saw on the grocery store window an advertisement for young girls eleven to fourteen for classes studying the Ancient Greek goddesses in order to help young women with their self-

esteem. The gods and goddesses are back. Radical feminism as you know worships Persephone, the ancient goddess, who is known also as Isis. Some radical feminists actually have lifesize images of the goddess in their apartments in Manhattan in New York and elsewhere. So the prophecy was that a new spirituality was on the way. I don't know what it was like in South Africa, but I know America in the 60's and the 70's. Everybody believed that the great enemy of the Christian faith was SECULAR HUMANISM; eventually COMMUNISM. Indeed it was forecast by all kinds of philosophers in the late 19th century that the 20th century and on would mark the end of religion and the victory of secularism. I remembered Sigmund Freud wrote a book: *THE END OF AN ILLUSION*. It would all be over, we would no longer practise religion in spirituality. It didn't happen, you know that. Instead of the victory of secularism and while we have seen the diminishing of Christianity as a social factor in the culture, what is taking place is not the victory of secularism but a new spirituality rise from the ashes.

Let me just say this: Ideas have consequences. In 1974 that book appeared *THE NEO POLYTHEISM*; in the year 2000 appeared another book called: *OMNĪGENDA*. I could translate that with another term: PANSEXUALITY OR POLYSEXUALITY. The announcement of the coming of POLYTHEISM is accompanied a few years later by the decoration of the absolute need of POLYSEXUALITY. There are connections between how we conceive of God and how we conceive of the human being and of sexuality. This book, *THE OMNĪGENDA SOCIETY*, was written by a woman who had been a Bible Presbyterian – that is a very ORTHODOX REFORMED DENOMINATION IN

the United States – who came out as a lesbian in the year 2000. In her book she calls for the celebration of at least fourteen different sexual expressions of gender options. Fourteen different expressions. I see that interesting connection between *polytheism and polysexuality*. There seems to be a connection between the rise of *Neo Paganism* and the rise of, what we naturally would call *PERVERTED SEXUALITY*. Let me just give you a sense of what this *Neo Paganism* looks like. I like to do it in terms of a picture because you will always remember it. I try to conceive of this *Neo Paganism*, which is really the old Paganism in modern dress, in terms of a circle. God created circles, they are the most wonderful things. However I do find the circle to be very expressive of Paganism, because of the notion that the circle includes everything. I'm struck by the number of Pagan expressions that used the circle. The witches cast their sacred circle. The Australian aborigines speak in their spirituality called the dreaming of the sacred circle. Carl Gustav Jung taught that the MANDALA which is SANSKRIT FOR 'CIRCLE' was called the simplest model of the concept of wholeness and thus for human maturity, because it represents the reconciliation of all the opposites. Here is the circle representing Paganism. Very quickly I want to tell you of the five points of Paganism. You probably already learned the five points of CALVINISM. Now you will know about the five points of PAGANISM, which isn't too bad to know about in our day and Age.

(Word vervolg)



Gelukwensinge

Van ons hoofbestuurslede het bevoororderings gedurende 2005 te beurt geval. Dr Horn is na professor, en prof Van Niekerk na vol-professor bevoororder. Dr Adendorff is as professor aan die Afrikaanse Protestantse Akademie aangestel. Ons hartlike gelukwensing aan hulle drie.

Red.

Herkies

Tydens die afgelope kongres te Pretoria, is die volgende persone van wie die dienstermyne verstryk het, tot die hoofbestuur herkies: prof. IH Horn en dr HG Stoker van Pretoria, en ds G Opperman van Brits. Baie hartlik welkom aan elkeen en ons vertrou dat hulle voortgesette diens seënryk sal wees.

Red.

Kongresganger se indrukke

Daar kan met groot dankbaarheid teenoor die Here teruggekyk word op die afgelope kongres in Pretoria. Op 11 Maart was daar in 'n gees van opgewondenheid in die pragtige kerkentrum van die Gereformeerde Kerk, Rietvallei, vergader. Die bywoning deur VCHO-lede het nie teleurgestel nie, en dit was veral die jarelange lede van Pretoria en omstreke wat vir 'n goeie gehoor gesorg het. Melding moet egter ook gemaak word van lede wat van sover as Natal gekom het. Onder die aanwesiges was verskeie leierspersone uit die onderwys, waarvan skoolhoofde, asook die kerk, wat uiters verblydend was.

Die kongres het plaasgevind teen die agtergrond van 'n moraliteitskrisis in ons land. Alhoewel twee oorsese besoekers as referente opgetree het en hulle mededelings oor moraliteit vanuit oorwegend Amerikaanse agtergrond gedoen is, het 'n mens tot die besef gekom dat die tendense in Suid-Afrika nie as geïsoleerd beskou moet word nie, aangesien dit wat hier beleef word, in vele opsigte ooreenstem met wat hedendaags in oorsese lande waarneembaar is. Dit is wêreldwye tendense wat veral in die Westerse wêreld aan die opkom is, en waarvan die Christendom kennis behoort te dra, ten einde 'n Bybelskorrekte beoordeling van die stande van sake te kan doen. Wanneer Christene dan verskynsels soos die universalistiese lewensuitkyk, homoseksualisme en 'n androgiene lewenshouding, om maar sommige wat tydens die kongres onder bespreking gekom het te noem, in die samelewing teëkom, weet hulle waar dit vandaan kom en is hulle toegerus om dit te kan hanteer. Daarteenoor, indien Christene nie toegerus is nie, het dit onsekerheid tot gevolg, wat meebring dat 'n ingeligte standpunt nie ingeneem, en die nodige getuienis nie gelewer kan word nie.

Die kongres is deur dr. Stoker van die Rietvallei-gemeente geopen, wat

toepaslike Skrifgedeeltes uit Openbaring 17 tot 19 geneem het (waarin dit oor die val van Babilon handel), in aansluiting by die tema: "Die moraliteit van die 21ste eeuse samelewing – 'n Bybelse oplossing!" Die beeld van die vrou van Op. 17 is gekontrasteer met dié van Op. 19. Op. 17 se sedelose vrou verteenwoordig menslike selfsug en 'n ydele lewenswandel, waarvan die tragiese einde later beskryf word. Op. 19 se vrou verteenwoordig die bruid van Christus, wat sierlik beklee is. Dit is die vrygemaaktes wat aan God behoort, en gereedmaak vir die bruilofsmaaltyd. Die twee vroue staan vir twee groot wêreldstrominge, soos wat dit ook vandag nog in die wêreld onderskei word, naamlik die heidenom en die Christendom, met verskillende bestemmings. Elke mens is deel van óf die een óf die ander.

'n Verwelkoming van die kongresgangers en die referente is daarna deur die voorsitter van die hoofbestuur, prof. Raath, gedoen.

Uit die bewoording van die drie onderwerpe van die referente het dit aanvanklik voorgekom asof die aanbiedinge min met mekaar gemeen sou hê, maar hierdie persepsie is spoedig uit die weg geruim toe dit na die voordrag van dr Durand duidelik geword het dat die postmodernisme inderwaarheid in bepaalde opsigte die weg voorberei het vir die intrede van baie van die verskynsels waarmee die samelewing hedendaags te kampe het, deurdat hierdie lewensfilosofie (die postmodernisme) die mens wil bevry van die gebondenheid aan 'n absolute en ongedeelde waarheid wat alleen in God Drie-enig gevind word. Die onderwerp: "morele vraagstukke en die postmodernisme" suggereer reeds iets van hierdie problematiek, soos deur dr. Durand behandel. Hy het ondermeer verduidelik hoedat, met die oorgang van die modernisme na die posmodernisme, dit die lewensuitkyk bekend as universalisme, voortgebring het. Die universele mens het finaal

van Bybelse waarhede afstand gedoen en vir hom-/haarself 'n nuwe stel lewensreëls uitgewerk, waardeur hy/sy as 'n wêreldbürger getipeer word.

Die volgende onderwerp: "die nuwe seksualiteit soos deur sy wêreldbeskouing bepaal en die implikasies daarvan vir die samelewing" het baie mooi op die eerste referaat kon voortbou, as 'n uitvloeisel van die postmodernistiese siening dat die waarheid bloot 'n subjektiewe vertolking van die werklikheid behels. Daardeur word ruimte gemaak vir ondermeer seksuele oriëntasies wat met die goddelike verordening betreffende seksualiteit in stryd is. Dr. Jones het hierdie onderwerp op 'n baie treffende wyse voorgedra, en in aansluiting by die homoseksualisme as seksuele oriëntasie die androgiene lewenshouding verduidelik, waarvolgens geslagtelikheid op 'n wyse geïnterpreteer word wat nie meer die onderskeiding manlik en vroulik wil handhaaf nie, maar 'n samevoeging van die twee geslagte in een persoon voorstaan, wat dus op 'n individualisering van die seksuele neerkom. Die uitdrukking wat deesdae nogal meermale gehoor word: "to come into touch with your feminine side", is 'n weerpieëling hiervan. Daardeur word direk teen die goddelike verordening vir geslagtelikheid ingegaan en die doel daarvan op 'n eiesinnige wyse verydel. So 'n oriëntasie het implikasies vir die mens wat na die beeld van God geskape is volgens die Skrif, aangesien dit 'n verduistering daarvan tot gevolg het, indien die godgewilde geslagtelikheid uitgewis word. Hierdie verskynsel moet binne die konteks van die groter geheel van die religieuse verskuiwing wat besig is om in die Westerse wêreld te gebeur, verstaan word. Die paganisme het met sy eie religieuse vooropstelling weggedoen met die Bybelse openbaring en huldig 'n

Vervolg op bl 7



Dr Durand, mediese praktisyn en dosent van Pretoria tydens die VCHO-kongres. Hy was ook 'n spreker tydens die colloquium oor abortsie en die reg.

wêreldbeskouing wat in werklikheid daarteenoor te staan gekom het. Ons het hier met 'n vergestaltung van die antitese te doen. Die 'nuwe' paganistiese wêreldbeskouing staan in direkte teenstelling met die Christelike wêreldbeskouing. Dit is betekenisvol dat die nuwe gode wat die paganisme vir homself moes konstrueer, 'n herlewing van die antieke veelgodedom van die Grieke en Romeine tot gevolg het, soos deur dr. Jones aangetoon. (Kyk ook dr Jones se referaat, elders in hierdie uitgawe – Red.)

Hierna is mnr Ventrella aan die woord gestel, met die onderwerp: "die moraliteitskrisis in die Westerse wêreld, hoedat dit jeugkultuur beïnvloed en die antwoord daarop vanuit 'n Bybelse perspektief". Hy het daarop gewys dat die wese van moraliteit daarin geleë is om God met 'n volkome hart en verstand lief te hê. Dit behels nie slegs maar dat opgehou word om sondige gedagtes te bedink nie. Sonde is ten diepste daarin geleë om God nie lief te hê nie. Dit gaan hierin oor die mens en sy wêreld van denke, en hoe die liefde tot God daarin figureer. Daardie liefde moet in die volle denkwêreld van die mens tot uitdrukking kom. In die paganistiese denkwêreld gaan dit oor die doodmaak van die menslike denke, terwyl, volgens die Bybelse getuienis dit oor die vernuwing van die gees moet handel ("En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en vol-

maakte wil van God is." – Romeine 12: 2; 1933/53-vertaling). Volgens mnr Ventrella het dit 'n tweeledige komponent, naamlik 'n data- en 'n fundamentele. Wat die eerste betref, is dit so dat 'n mens vóór alles oor kennis van God-Drieëinig sal beskik, aangesien ons Hom nie kan liefhê, indien ons niks van Hom weet nie. In die tweede gaan dit oor 'n beslissing, naamlik 'n grondige vertroue in God en Sy geopenbaarde waarheid. Dit veronderstel 'n nuwe gehoorsaamheid, waarin elke gedagte gevange geneem word vir Christus. Die Woord verskaf hierin die duidelike insig dat ons aan die eenkant 'n (denk-) wêreld het waarin nie God nie, maar iemand of iets anders in die skepping tot objek van verering geneem word; en aan die anderkant een waarin aan God alleen aanbidding en eer toegebring word. In elkeen van hierdie twee wêreldes word 'n lewensingesteldheid gehuldig, maar van uiteenlopende aard. Dit is gewoon ons basiese ingesteldheid oor hoe ons oor God dink, ons basiese aannames oor die werklikheid, en die wyse waarop ons die werklikheid interpreteer. Dit word 'n wêreldbeskouing/ -oortuiging genoem. Hierdie wêreldoortuigings verskil fundamenteel van mekaar, aangesien die een God en Sy waarheid (openbaring) ontken, terwyl die ander aan Hom gehoorsaam geword het. 'n Werklikheidsbeskouing bevestig aan ons wat eg en waar is, verklaar aan ons waarom ons weet wat ons weet en bepaal vervolgens ons optrede. Vanuit die verlossingsperspektief gesien verklaar dit aan ons waar ons vandaan kom (skepping), wat die probleem is (sonde) en wat die oplossing behels (verlossing). Die twee (denk-)wêreldes wat ons aantref word reeds in die Woord geopenbaar en deur 'n duidelike skeidslyn van mekaar geskei. Maar die twee wêreldes staan ook teenoor mekaar. In die Woord word verskillende beelde daarvoor gebruik, te wete duisternis teenoor lig, leuen teenoor die waarheid, ens. Verder staan Bybelse persoonlikhede, waarvan ondermeer Kain en Abel, en Esau en Jakob vir die onderskeie wêreldes. Die skeiding word deur God self getref en daarmee saam ook die aankondiging van



Mnr Ventrella van die VSA, wat tydens die VCHO-kongres opgetree het, was ook die gasspreker tydens die colloquium van die Vrystaatse Universiteit.

die stryd wat in die wêreld sal heers as gevolg daarvan, totdat die sondige bedeling tot 'n einde gebring word (reeds in Gen. 3: 15). In die wêreld sal, vanweë die twee teenstellende (antitetiese) beskouing/oortuiging oor die werklikheid dus nie vrede heers nie, maar voortdurende stryd. Die Christen moet hierdie stryd egter in perspektief sien. In Christus is die oorwinning behaal en die gelowige het nou reeds deel daaraan. Die uitslag van die stryd is inderdaad reeds bepaal.

Die Christen in hierdie wêreld kan gevolglik nie onbetrokke ('neutraal') – indien dit moontlik sou wees – staan nie, onderwyl die stryd ter behoud van wat aan God toegebring moet word, nog aan die woed is. Daar rus dus 'n onontkombare verantwoordelikheid op elkeen wat Christus bely, om Sy Koningskap te proklameer teenoor 'n goddelose wêreld. Christene kan nie maar eenkant staan en die wêreld sy gang laat gaan nie. Christus se oorwinning is 'n saak waarvan getuig moet word, sodat mense tot gehoorsaamheid kan kom. Daarom o.m. die opdrag in Matteus 28: 19 - 20; 1983-vertaling – "... Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het ..."

Die betekenis hiervan spreek boekdele vir die opvoeding en onderwys. Terwyl dit so is dat 'n lewens- en

Vervolg op bl 8

Aborsie en die Christen:

- Dr SD Oosthuizen

Op Sondag, 29 Mei 2005, het die **VRySTAATSE PRO-LEWE NETWERK** sy aktiwiteite begin. Die Netwerk is geïnisieer nadat 'n dokter 'n 18-weke oue volmaak gevormde babaseuntjie in 'n ongevalle-afdeling in Bloemfontein gevind het, wat geaborteer is deur 'n aborsiemiddel wat sy moeder by 'n provinsiale kliniek in die stad gekry het. Die woorde van Jesus Christus: "Wat jy aan die geringste gedoen het, het jy aan My gedoen", het die dokter oortuig van die gruwel van aborsie en van sy en sy medegelowiges se skuld en medepligtigheid aan moord op babas en op Jesus Christus – weens sy en hulle stilsywe en passiwiteit jeens aborsies.

Na 'n jaar se aktiwiteite kan ons die volgende **in retrospek** meld:

1. Die Christene en kerke is totaal apaties en passief en het aborsie as 'n gegewe in die samelewing aanvaar, soos drankwinkels, pornografie op die rakke en op TV, seks-winkels, ens. Met Sanctity Life Sunday en die herdenking van die wettiging van aborsie het slegs 12 en 3 persone onderskeidelik deelgeneem. Daar word wel in die sitkamers en in gebede gepraat, maar geen daadwerklike aksies teen aborsie word geneem nie.
2. Die media beskou ook aborsie as 'n gegewe en nie meer as nuuswaardig nie.

Gevolgtrekking:

1. Tensy Christene herleef en opstaan teen hierdie gruwel en ander gruwels in ons samelewing, gaan aborsies en ander sondes onverhinderd voortgaan en al meer aanvaarbaar word. Geweldige bloedskulde gaan so op ons as Christene en die nasie (Vgl. Eseg. 3 & 33) rus. Ongeregtigheid gaan hoogty vier.
2. Passiwiteit teenoor aborsie het ook ernstige negatiewe gevolge vir die gelowiges. Ons gaan maai wat ons saai en

aan ons gaan gedoen word soos ons aan die geringes (die kindertjies) doen. Wat ons aan die geringste doen, doen ons aan Jesus. Die Bybel het ons op verskeie plekke beveel om vir die geringes en onskuldiges op te staan. Israel se geskiedenis na Jesus se kruisiging en die vrug van politieke beleide van die verlede is bewyse van die gevolge. Dit is 'n wet van God wat selfs vaster staan as swaartekrag.

Wat moet en kan ons doen?

1. Ons skuld, passiwiteit en medepligtigheid aan die moorde op die kindertjies en Jesus se kruis bely en ons bekeer daarvan.
2. **PROTES** – individueel en in groepe, duidelik, openlik en konstant. Ten eerste waar die moorde plaasvind of geïnisieer word en waar Jesus dus ook gekruisig word nl. voor die aborsieklinieke. Ons roep elke Christen op om ten minste **EEN UUR PER MAAND** hiervoor op te offer. Nie een van ons en nie een gemeente kan sê dat ons daarvoor nie tyd gehad het nie. Mag God dan aan ons doen soos in Jes. 58 neergelê.
3. **Individuele besoeke en getuienisse** soos Eseg. 3 & 33 ver wag, nl. om die aborsieverskaffers te waarsku – anders sal hulle bloed van ons hande geëis word. Kerkleiers moet na die hoofde gaan en jong Christenmeisies en vroue na die dokters en klinieke asof hulle pasiente is – om dan met die aborsieverskaffers persoonlik te praat.
4. **Daarna is daar vele verdere aksies** bv.
 - a. **Opvoeding in: kuisheid, reinheid, heiligheid van lewe, ernstige post-aborsie gevolge, medepligtigheid van dokters & verpleegsters as hulle verpleegsters vir aborsies, ens.**

- b. **Voorsiening van en inligting** oor alternatiewe bv. aanneming en pleegsorg ook aan dokters en klinieke.
- c. **Ondersteuning van ma's en hulle babas** – kos, klere, ens.
- d. **Dokters vir Lewe regstappe** teen aborsieverskaffers wat ma's nie voldoende ingelig het oor alternatiewe of nagevolge nie of as oor 20 weke swangerskappe geaborteer is, of as werkers verplig word om deel te neem aan aborsies, ens.
- e. **Betrekking van soveel ander kerke en Christene** as moontlik.
- f. **Politieke aksies.**
- g. **Colloquiums, konferensies, ens.**


Mag die Vader ons met krag uit die hoogte vervul om Sy getuies en selfs martelare te wees.

Faan Oosthuizen;

doosthuizen@xsinet.co.za; 083 265 9395.

Vrystaatse Pro-Lewe Netwerk. 

Vervolg van bl 7

wêreldbeskouing deur die opvoeding in die ouerhuis en die onderwys op skool gevorm word, sal oor die aard en inhoud daarvan besin moet word. Hoe word die opvoeding en onderwys ingeklee?, ter wille van die vorming van 'n Christelike gewete en lewenshouding, waardeur God uiteindelik verheerlik sal word. Word in die skool, deur die wyse waarop vak-kennis oorgedra word, die leerling intensioneel bewus gemaak van die verband van leerinhoud met die skeppingswerk van God en die middelaarswerk van Jesus Christus, sodat die data geregistreer en geloofsbeslissinge gemaak kan word?, soos deur mnr Ventrella verduidelik. Die noodsaaklikheid vir Christelike opvoeding en onderwys – die primêre doelstelling van die Vereniging – is opnuut deur hierdie kongres beklemtoon. 

Die kerke, aborsie en die reg

- H.J. Hayes

(Dit was vir die opsteller hiervan 'n voorreg om die Colloquium oor die kerke, aborsie en die reg, wat op 17 en 18 Maart plaasgevind het, namens die Vereniging te kon bywoon en verslag te doen.)

In wat as 'n belangrike verwickeling op die etiese terrein gesien word, het verskeie kerke onlangs aan 'n colloquium oor regsetiek in Bloemfontein deelgeneem. Die Nederduitse Gereformeerde, die Gereformeerde, Metodiste, Anglikaanse en Rooms Katolieke Kerke, benewens afgevaardigdes van organisasies wat met die problematiek van aborsie gemoeid is, was ondermeer verteenwoordig.

Sedert die wet, bekend as *Choice on Termination of Pregnancy Act* van 1996, in werking getree het, het verskeie kerke hul misnoeë oor die aborsiepraktyk in Suid-Afrika uitgespreek, maar tot dusver was daar nog geen gesamentlike optrede deur die kerke geïnisieer om in die openbaar standpunt hieroor in te neem nie.

Dié geleentheid wat deur die Regsfakulteit van die Vrystaatse Universiteit gereël was, was die eerste sedert 1994, waarin 'n formele platform tot stand gebring was waaraan die onderskeie kerke meegedoen het. Die tema was: "Die kerke en die wettigheid van aborsie in Suid-Afrika". Dat die hoofstroom van kerke hierdeur in staat gestel is om aan die gesprek oor aborsie deel te kon hê is van besondere betekenis, aangesien die kerklik-teologiese verantwoording oor die kwessie van die wetting van aborsie tot dusver agterweë gebly het. Die kerk moet beslis gehoor word wanneer morele kwessies soos hierdie ter sprake kom. Indien die owerheid van 'n liberale demokrasie hom dit veroorloof om wetgewing soos hierdie uit te vaardig, dan het 'n instelling soos die kerk eweneens die vryheid om haar

daaroor te kan uitspreek. Dit is trouens ook deur afgetrede hoofregter van die appelafdeling van die hooggeregshof, J.J.F. Hefer, wat die openingsrede waargeneem het, beklemtoon, toe hy o.a. metafories gestel het dat die kerke so onontbeerlik is dat hulle as die 'fabriekswese' van die openbare lewe beskou moet word. Die kerk kan daarom nie geïgnoreer word nie, vanweë haar bepaalde profetiese roeping, óók wat moraliteit in die samelewing betref, is die gevolgtrekking.

Die omstredenheid waarin die vernoemde wet die kwessie van aborsie geplaas het, hou ernstige gevolge in vir die moraliteit van die samelewing en vir die maatskaplike lewe in die algemeen. Daarvolgens kan, indien aan sekere wetlike vereistes voldoen is, 'n aborsie ter keuse aangevra word, waardeur 'n swangerskap beëindig word, sonder dat die lewe van die ongeborene enigszins opgeweeg word. Daar word bereken dat reeds ongeveer 450 000 plus aborsies in Suid-Afrika uitgevoer is, op grond van die toelating van die wet. Wanneer deur wetgewing, die moraliteit van 'n samelewing tot 'n laagtepunt gevoer word, sodat willens en wetens oor die beëindiging van godgegewe lewe besluit kan word, verkeer so 'n samelewing eties en religieus gesproke in 'n ernstige krisis. Dat hierdie kwessie dus in die openbaar gebring word, en die kerk haar teologies daarvoor sal uitspreek, is van lewensbelang.

Die gasspreker van die byeenkoms was mnr Ventrella van Arizona in die VSA, wat op die waardigheid van lewe as gawe van God, gewys, en die praktyk van willekeurige aborsie afgewys het, op grond van die ontkenning van lewe bloot omdat dit nog in 'n ontwikkelings stadium is, terwyl dit oor al die potensiaal om tot 'n volwaardige mens te ontwikkel, beskik. 'n Volgende spreker, kardinaal Wilfrid Napier, het verklaar dat die kerk moet proklameer dat mens-

like lewe, met inbegrip van dié van die ongeborenes, heilig is, omdat dit uit die skeppingsmag van God ontstaan, daarom het geen persoon die reg om lewe direk te vernietig nie.

Verskeie van die sprekers het daarop gewys dat die kwessie van aborsie 'n multi-dissiplinêre benadering verg. Wetgewing as 'n regshandeling is nie die enigste dissipline waarvolgens dit gereël mag word nie, aangesien daar ook ander dissiplines is wat betrek behoort te word. Die biologiese, as die voortsetting van lewe, en die morele en sosiaal-maatskaplike, byvoorbeeld, is elkeen medebepalend daartoe. Die belangrikste aspek, sover dit die reg aanbetref, is die onlosmaaklike verband daarvan met die religie. Enige diskussie oor die posisie van die reg moet noodwendig 'n kritiese evaluering hiervan doen.

Van die Regsfakulteit van die Universiteit het prof Raath en mnre De Freitas en Swartz referate gelewer. In hulle gesamentlike aanbieding het prof Raath en mnr Swartz dit bepleit dat 'n groter mate van intellektuele nougesetheid van evangeliebedienaars benodig word om 'n wêreldbeskoulike benadering tot kulturele betrokkenheid in die etiek van aborsie daar te stel. Daar is deur hulle voorgestel dat die Pauliniese etiek deur die natuurlike reg onder oorweging geneem word, gebaseer op die eis van Christelike liefde en welwillendheid. Aborsie en kindermoord het, byvoorbeeld, in die Grieks-Romeinse wêreldkultuur van eeue gelede wydverspreid voorgekom. Sedert sy eerste kontak daarmee het die vroeë Christendom hierdie soort praktyke egter teengestaan uit hoofde van die Pauliniese etiek. Eweneens bied die Lutheraanse perspektief van liefde en welwillendheid as die wese van die reg en die etiek, waardevolle

Vervolg op bl 10

Vervolg van bl 9

vertrekpunte vir die betrokke raak in 'n saak soos aborsie en verwante kwessies.

Mnr De Freitas het dit gestel dat in hedendaagse regspleging daar 'n duidelike intensie is om 'n skeiding tussen religie en die reg teweeg te bring. Hierdie tendens word in die benadering wat in regskele gevolg word waargeneem, waar enige verwysing na religie ongewild is. Die regsbanke volg dieselfde benadering en gevolglik word aan aspirerende en praktiserende prokureurs slegs 'n eensydige voorstelling van 'n saak (soos aborsie) gedoen, wat inderwaarheid meerfasettig van aard is. Indien daar egter aan hedendaagse aborsie-regspleging 'n positiewe kant is, is dit die feit dat dit die aandag vestig op 'n ingesteldheid van duidelike teenkating van enigiets wat religieus of filosofies van aard is. In die lig hiervan is dit belangrik dat die verbreiding van die reg teen die agtergrond van 'n voorgestelde definisie van religie ondersoek moet word, 'n tema wat deel uitmaak van die ongekarteerde waters van Suid-Afrikaanse regspleging.

Ontwikkelinge van oorsee voorsien waardevolle insigte tot, en is aanduidend van die noodsaaklikheid om die verband tussen die religie en die reg te benadruk, het mnr De Freitas

voorts gesê. 'n Ondersoek hierna vereis 'n meer kritiese en spesifieke evaluering van die funksie van die regskele en universiteit teen die agtergrond van die religie. 'n Christelike benadering tot die saak word ondersoek. Dit is die benadering dat 'n Christelike perspektief op die werklikheid binne die sfeer van hedendaagse regspleging, tot ryphed moet kom. Die implikasies hiervan vir die verhouding tussen die kerk en die staat is van die uiterste belang, in ag genome die ideale van die heersende liberale demokrasie. Voorts vra die bestaande aborsiewetgewing na 'n grondige besinning oor die verhouding tussen die regswetenskap en religie.

Die kerke teenwoordig het met mekaar ooreenkoms bereik dat aborsie as sodanig onaanvaarbaar is en dat verdere inisiatiewe in plek gekry moet word, sodat dié praktyk in Suid-Afrika georganiseerd teengewerk kan word. Een daarvan is dat 'n nasionale konferensie in 2007 gehou moet word, ten einde die talle swakhede in die Suid-Afrikaanse aborsiewetgewing aan te spreek.

Evaluering:

Die belangrikheid van die colloquium vir die oplewing van die diskoers oor Christelike onderwys en wetenskap in Suid-Afrika, moet nie onderskat word nie. Dit was duidelik dat die

deelnemers daaraan 'n Bybelse fundering vir die vraagstuk van aborsie, asook die kerk se roeping m.b.t. morele kwessies soos hierdie, vooropgestel het. Die kerklik-teologiese verantwoording tydens dié geleentheid is een van die belangrike uitkomstes daarvan. Hierbenewens het die posisie van die reg, regsopleiding en regspraktyk in die soeklig gekom. Die dissiplinêre geïntegreerde aard van die vraagstuk het uit die samesprekings geblyk, deurdat die reg op sy eie nie die finale uitspraak daaroor het nie.

'n Belangrike aspek wat na vore gekom het is die beklemtoning van die verband tussen 'n dissipline soos die regspraak (of vir hierdie doel enige ander dissipline) en religie. Enige wetenskapsbeoefening is religieus-bepaald, hetsy Christelik aldan nie, en die positiewe van hierdie byeenkoms, vanuit die VCHO se staanplek gesien, is die bevestiging dat daar in voortgaande gesprek ongetwyfeld van die Christelike standpunt kennis geneem sal moet word. Lesers wat belangstel in 'n in-diepte studie oor die ongebore lewe, kan die webblad van dr FN Lee van Australië besigtig. Een van die uitstekende verhandelings wat deur dr Lee geskryf is handel oor *Tiny human life*. Die adres is <www.dr-fnlee.org>



Prystoekenning

Die student aan die Vrystaatse Universiteit wat hierdie jaar vir die David Jacobs-prystoekenning van die Vereniging kwalifiseer, is Carli Lategan. Carli het die afgelope drie jaar die beste in voorgraadse studie in Filosofie gevaar, deur die hoogste gemiddelde punte te behaal. Die prys word jaarliks toegeken aan die student wat hieraan voldoen het. Die doel van die toekenning is die bevordering van Christelike wetenskap, ooreenkomstig die Vereniging se missie. Ons wens Carli van harte geluk met hierdie pragtige prestasie, en mag voortgesette studie eweneens met sukses bekroon word.



Onder operasie

Een van ons hoofbestuurslede, prof IH Horn, was onlangs onder operasie, en sterk tans tuis aan.

Ons is dankbaar om te verneem dat dit goedgaan met die herstelproses. Ons lede se voorbidding word steeds gevra.

Bots met beide tafels van die Wet

S le Cornu

(Skrifgedeeltes is uit die 1933/53-vertaling)

Terwyl Christene oor die land heeltemal tereg verontwaardig is oor die eerste tafel van die Wet wat oortree word deur die -Polisiekarre (veral die 2de en 3de gebod), lyk dit vir my dat daar maar min weerstand is, indien enige, teen die Karre se oortreding van die tweede tafel van die wet, veral die 5de gebod.

Kyk na die naam van die -Polisiekarre ... In goeie Afrikaans vertaal, sê hulle, ja bely hulle hul doel en bestaan:

“Weg met die polisie ... weg met gesag, weg met orde, weg met gehoorsaamheid”, dus “Voertsek gesag ...”

In *Die Beeld* van 18 Maart 2006 is daar 'n artikel wat handel oor popmusiek en die musikante wat die profete van ons dag geword het. Daar word allerlei grappies gemaak oor die waarskuwing teen “rock”-musiek in die vorige bedeling. In die artikel word daar ook na Antjie Krog verwys waar sy beweer dat elke kind 'n “rock”-ster wil word omdat, sê Krog: “... jong witmense oral gekontesteer en betwis voel. Hul ouers is remskoene en hulle voel instinktief aan hulle moet wegbly van die dinge waaroor Afrikaners in hoofletters dink ...”

So sien ons hoe die vyfde gebod subtiel in sy wese aangetas en verwerp word deur hierdie tipe denke wat 'n skeiding tussen ouers en kinders wil bring. Die probleem is nie meer sonde en ongehoorsaamheid nie, maar gesag; ouers = remskoene.

JA, ten einde is dit “weg met God self”, wat hierdie groep aan ons jongmense wil oordra, nie net met hul handtekening op beursies nie, maar ook met die bestaan van hul groep opsigself, soos weerspieël in hul naam.

In Romeine 13: 1 en 2 lees ons egter:

“LAAT elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, 2 sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.”

Daarom bely ons ook in v/a 103 van die *Heidelbergse Kategismus*:

“Wat eis God in die vyfde gebod ?
Antwoord: Ek moet my vader en my moeder **en almal wat oor my gestel is** alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, **omdat God ons deur hulle wil regeer**” (beklemtornings deur die skrywer).

Ja, volgens v/a 93 van die HK, bely ons dat die twee tafels van God se gebod 'n eenheid is. As jy die een aantast, tast jy die ander een ook aan.

Daarom is dit 'n skande, nie net dat hierdie opstandsgroep God laster nie, maar ook dat hul God se gesag, sy orde verwerp deur die voorbeeld wat hul stel aan die jonger geslag. Hulle wil nie deur God regeer word nie, en wys ook nie eerbied teenoor hulle wat oor hul aangestel is deur God nie, met so 'n naam.

En, dalk is dit 'n nog groter skande, sou daar enigsins Christene wees wat die bestaan opsigself van hierdie groep en veral hul naam enigsins probeer goedpraat, verdra en selfs wil toelaat dat ons kinders hul ondersteun of hul musiek aanhoor: “Ja, die Karre kan maar kom vloek, en hoer en rumoer tussen mense hier by die KKNK (tweede tafel maar oortree) ... solank hul maar net nie God laster nie (eerste tafel)”

Die probleem van ons tye, soos veral geopenbaar in die “rock”-groepe en

baie musiek vandag, is baie meer dieperliggend as bloot 'n paar vloekwoorde en lelike name ... in wese is dit 'n probleem van 'n jonger geslag wat alhoemeer terug in slawerny gevoer word, en 'n ouer geslag wat a.g.v. hul eie mooige-maakte afgode en slawerny, nie vir ons jongmense kan leiding bied nie.

Ons ouer geslag kan nie vingers wys na die jongeres nie ... want ons het ons eie afgode.

Die jeugkrisis is as gevolg van die ... ouerkrisis ...

En dit moet ons raaksien agter hierdie ‘postmoderne alternatiewe Afrikaan(ses)’. Hulle is moeg vir die ouer geslag se halfgebakte Christenskap waar woorde en dade mekaar weer-spreek.

Ongelukkig, en dit is wat vir my so lagwekkend en hartseer en selfs teleurstellend is van die Zoid/Karre-geslag. Hulle is, soos gewoonlik, (soos SA) dertig jaar agter die tyd.

Die hippie-geslag het gekom en gegaan in Europa en die VSA, en nou wil 'n klomp ou ‘boer’s-euntjies skielik hul hare begin lank dra (takhare ... ‘ducktails’?) en begin vloek en skel en dink dit is ‘cool’? En dan dink hul dit is nou ‘vryheid’ ...

Lyk my ons jongmense kan niks oorspronklik uitdink nie, hulle kan nie eers ‘oorspronklik en uniek Afrika(aans)’ sondig nie !!! Hulle ‘copy-cat’ maar net die nuutste (wat alreeds weer oud is) mode en afgodegier wat van die VSA en Europa oorwaai. Baie swak ..., dit sien 'n mens veral in die nuutste ‘pop-Afrikaans’, kleredrag, popster-verering, ens. ...

Ja, saam met die Zoid/Karre-geslag is Bybelse Christene moeg vir die Broederbond en die modernisme ...maar, die postmodernistiese le-

Vervolg op bl 12

Vervolg van bl 11

wenstyl, die F. visie is ook nie die antwoord nie.

Beide die moderne en postmoderne mens is 'n leuen, 'n skepping van Satan, wat ons net weer verder in die slawerny en die dood sal lei ... soos ons geslag alhoemeer bekendstaan as die 'selfmoord-generasie' ... kyk maar al die hartseerberigte in die koerante omtrent elke week.

Daar is GEEN hoop en lewe daarin om God te laster of sy gesag te probeer verwerp nie. Dit het Christus

as vrou Wysheid reeds duisende jare vir ons gesê: "35 Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehag van die HERE. 36 Maar hy wat my mis, benadeel sy eie lewe; almal wat my haat, het die dood lief." - Spreuke 8.

Die Karre-geslag "mis" hul ouers wat so besig is met hul eie afgode ... Die Karre-geslag "mis" ware lewensveranderende Woordverkondiging wat die konkrete lewensprobleme van die hier en nou aanspreek ... Die Karre-geslag "mis" ware gemeenskap van die heiliges in ons kerke ... Die Karre-geslag "mis" Christus ...

Hulle stuur af op 'n kop-aan-kop botsing sonder enige remskoene, wat gaan lei tot die dood ... en ons as ouers is baie maal die bestuurders van die moordtuig van die lewe waarin ons ry ...

Daarom moet die Karre-geslag, maar ook elke ouer, elkeen van ons wat Sy koms verwag en liefhet, opnuut hoor hoe ons daardie kop-aan-kop botsing kan vryspring, en sodoende ware hoop, lewe en die toekoms mag vind hier in die Nuwe SA: "As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees." - Joh. 8: 36



Kongresbundel

Persone wat in die afgelope kongres se referate belangstel, kan die kongresbundel van die kantoor bekom. Die koste daarvan beloop R35, waarby posgeld ingesluit is. In die geval van geregistreerdes tot die kongres sal die referate gratis beskikbaar gemaak word. Geregistreerdes wat nie by voorbaat (tydens die kongres of telefonies) versoek het dat dit skriftelik aan hulle

voorsien moet word nie, word gevra om met die kantoor te skakel. Die tel nrs is (051-) 448 9160/ 4464. Inbetalings kan in die volgende rekening gedoen word:

VCHO, ABSA Bank, takkode 334-134, rek. nr. 470-910-011. Faks die inbetaalstrokie en adresbesonderhede na (051-) 448 4669.

Red



Spesiale uitgawe

Op bladsy 9 word oor die belangrike colloquium oor aborsie, die kerke en die reg, wat in Maart in Bloemfontein plaasgevind het, berig. Goeie nuus oor die referate van die onderskeie deelnemers daaraan is dat dit in 'n spesiale uitgawe van die Vereniging se *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* gebundel gaan word. Die publisering daarvan as artikels geskied met die vergunning van die Vrystaatse Universiteit. Die artikels word tans versamel en geredigeer, met die oog hierop. Die spesiale uitgawe sal na verwagting teen ongeveer Oktober van hierdie jaar verskyn. Intekenaars op die tydskrif sal die uitgawe komplimentêr ontvang. Enige ander belangstellende kan die spesifieke uitgawe teen R20 per eksemplaar bekom. Skakel die kantoor en plaas u bestelling, indien u nie 'n intekenaar op die tydskrif is nie, of teken in teen R40 per jaar en ontvang al die uitgawes vir 'n besondere jaar. Die tel nr is (051)- 448 9160/ 4464.

Red.

Oorsese besoeker

Die Nederlandse akademikus, drs M Valenkamp, is gedurende Julie op besoek in Suid-Afrika om aan verskeie gesprekke in ondermeer Bloemfontein, deel te neem. Tydens hierdie been van sy besoek sal daar ook met die lede van die Vereniging vergader word, tydens 'n rondetafelgesprek die middag van die 27ste. Sy onderwerp sal die "betekenis van die gehalte van lewe konsep en die opvatting van wetenskaplike dissiplines" wees. Die bywoning van die gesprek sal op uitnodiging geskied.

Red.

Oorsprong van die Liefde

As u die eerste Sendbrief van Johannes in die oorspronklike Grieks nalaan, sal u hierdie woorde vind: "Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het." "Ons het lief", nie "Ons het Hom lief" nie, soos dit in ons Bybelvertaling staan nie. Dit is onjuis. "Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het." Let op daardie woord omdat. Dit is die oorsaak waarvan ek gespreek het. Omdat Hy ons eerste liefgehad het, volg die effek dat ons liefhet – dat ons Hom liefhet; dat ons alle mense liefhet. Ons kan nie anders nie. Omdat Hy ons liefgehad het, het ons lief, het ons almal lief. Ons hart word gaandeweg verander. Peins dus oor die liefde van Christus, en u sal liefhê.

Die Grootste Skat op Aarde

- Henry Drummond

Kosbare boeke te koop

Lig Publikasies van Pretoria, is die uitgewer van verskeie kosbare boeke met 'n verskeidenheid onderwerpe. Besonderhede is van die uitgewer verkry, en die boeke en brosjures word met vrymoedigheid by ons lesers aanbeveel, aangesien die onderskeie titels spreek van 'n Christelike inslag.

Boeke

Bybel riglyne vir suksesvolle kinderopvoeding 90 bl. R30.00

Hierdie is meer as 'n gewone leesboek oor kinderopvoeding. Dis 'n studiehandleiding vir pa's en ma's waarin die Bybelse beginsels vir suksesvolle opvoeding uiteengesit word. Te midde van die uiters moeilike omstandighede waarin ouers vandag kinders moet grootmaak, bring hierdie boekie hoop vir die suksesvolle vorming van ons kinders!

Bybel riglyne vir 'n suksesvolle huwelik 96 bl. R30.00

'n Dame skryf na 'n ernstige huwelikskrisis en die lees van die boekie: "Ons leef nou soos God wil hê ons moet lewe, en dit werp die mooiste vrugte af. Ek is intens gelukkig ..."

'n Mooi verhouding met jou ouers – wat sê die Bybel? 20 bl. R20.00

Hierdie boekie kan deur enige seun of dogter, klein of groot gelees word, want die boodskap bly dieselfde. Ouers kan dit ook by huisgodsdienste of storietyd gebruik. By kategese, jeugaksies of Sondagskool kan dit as studiehandleiding dien.

Pasop hoe jy bou! 61 bl. R20.00

Die boekie bespreek die dwaling van "goedkoop genade-verkondiging" **teenoor** die manier wat die Bybel aanwys. Die vraag word gevra of die krisis waarin die Kerk wêreldwyd verkeer, nie die gevolg is van die manier waarop die evangelie oor die jare heen verkondig was nie? ... Lyk die Kerk nie dalk soos hy gebou is nie ...!?

Hoe word ek 'n kind van God? 24 bl., sakformaat R5.00

Hierdie klein boekie wat die Weg van Saligheid verduidelik, het as uitgangspunt Mk. 1:14 en 15. Jesus sê: "Bekeer julle en glo die Evangelie."

Hoe volhard ek as kind van God? 20 bl., sakformaat R5.00

Hierdie boekie volg op die vorige. Dit verduidelik vir die nuwe Christen hoe hy kan volhard op die nou pad agter Christus aan. Die uitgangspunt is die woorde van Jesus in Mat. 24:13 "Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word."

Die grootste nood van die Kerk 100 bl. R30.00

Die grootste nood van talle Kerklidmate word bespreek, nl. dat hulle nie gereed is om Christus te ontmoet nie. Die optrede en ingesteldheid van die vyf dwase meisies volgens Mat. 25:1-13 word ontleed en toegepas op die lewe van die "dwaas lidmate".

Regte en verkeerde padwysers oor die Heilige Gees en Sy werk 137 bl. R40.00

Sake soos die doop met die Heilige Gees, die spreek in tale en hedendaagse profesieë word bespreek. Die vraag oor hoe 'n Christen oorwinning oor sonde kan kry, word ook behandel.

Die Einddinge - Wat is waar en wat is nie waar nie? 170 bl. R50.00

Hierdie boek verduidelik wat die Bybel regtig oor die Einddinge leer. Verskillende hedendaagse opvattinge word getoets aan die Woord.

Brosjures oor aktuele sake

Enkele opmerkings deur die uitgewer:

"Dit het mode geword om, sodra Skrifbeginsels op die praktyk van die lewe toegepas word, dit as 'wettisme' te etiketteer! Die skrywer waag dit nogtans om te sê wat die implikasies van Skrifbeginsels t.o.v. die volgende sake is":

	<u>Getal ble</u>	<u>Prys R</u>
<i>Die Christen en Sondag</i>	20	7.00
<i>Die Christen en die rookgewoonte</i>	16	7.00
<i>Die Christen jongmens en sy verhoudingslewe</i>	16	7.00
<i>Die Christen en drank</i>	15	7.00
<i>Die Christen en sy kleredrag</i>	14	7.00
<i>Die Christen en dans</i>	10	5.00
<i>Die Christen meisie en trompoppies</i>	6	5.00
<i>Die Christen meisie en skoonheidswedstryde</i>	6	5.00
<i>Die Christen, dobbelary en lotery</i>	6	5.00

Posgeld is by bostaande pryse ingesluit.

Lig Publikasies kan by tel. 012 - 332 1474 geskakel word, wat ook die faksnr is.

Die posadres is: Posbus 15754, Lynn East, 0039 en die e-pos: marihanan@telkomsa.net







Boeke uit die Jones-stal

Die redaksie wens ook die volgende boeke wat uit die Jones-stal afkomstig is, onder die aandag van ons lesers te bring vir verdere studie. Dr Jones, wat 'n skrywer van formaat is, het 'n omvattende studie oor die onderwerp van die paganisme gedoen, en dit te boek gestel. Daar het eweneens uitstekende boeke van sy eggenote verskyn, waarvan een onder ons lesers se aandag gebring word. Navrae kan aan die volgende adresse gedoen word:

Christian Book Discounters,
Suite 221, Postnet X18,
Rondebosch 7701

Groothandel en posbestellings:
Belvedere Rd. 27, Claremont 7700

Tel./ Faks. 021- 674 6931/ 2
E-pos: peter@christianbooks.co.za





Tannie Aletta

Dagsê Maats,

Aan die einde van die eerste vakansie van die jaar het ons Paasfees gevier. Hoe het jy Paasfees gevier? Goeie Vrydag en Opstandingsondag is twee feesdae wat gedurende dieselfde naweek gevier word – dit staan bekend as Paasfees. Op Goeie Vrydag word ons herinner aan Jesus Christus se offer wat die versoening van sondes beteken – Jesus het dus alles gedoen wat nodig is vir ons verlossing. Net voor Hy sy laaste asem uitgeblaas het, het hy twee dinge gedoen. Hy het 'n hisoptakkie met suurwijn aangeneem – simbolies van die bittere lyding wat Hy ter wille van ons verduur het, en van al ons sondes wat aan Hom toegereken is; en daardeur vir ons wil sê: 'Kom, bring al julle sonde, Ek neem dit saam met My aan die kruis'. Sodra Hy dit gedoen het, kondig Hy aan: "Dit is volbring" – al die verlossingswerk wat Hy kom doen het, is afgehandel. Dan buig Hy vooroor en blaas die laaste asem uit, want dit is die finale losprys wat Hy betaal het deur Sy lewe vir ons te gee.

Drie dae later is Hy egter uit die dood opgewek. Daardeur het ons die sekerheid van sy oorwinning oor die sonde en die dood. Die heerlike gevolg van Sy hemelvaart, wat ons ook in die komende tyd herdenk, is die uitstorting van die Heilige Gees in die wêreld, deur Wie Sy weldade aan ons tot 'n werklikheid in ons lewens gemaak word. Op grond hiervan kan ons met sekerheid van geloof ons lewenspad bewandel. Thomas wou eers die merke sien voordat hy geglo het. Die Woord verklaar diegene salig wat nie gesien het nie en tog glo.

Daarom moet ons nie talm nie om die Here Jesus as Verlosser en Saligmaker aan te neem en ons gelowig aan die Drie-enige God te onderwerp.

SLEUTELTEMAS IN DIE SKRIF:

MOENIE BANG WEES NIE.

Maat, 365 + 1 keer staan daar in die Bybel geskryf "Moenie bang wees nie". Dit gebeur soms dat ons in geestelike swakheid en onbeholpenheid dreig om te val. Maat, ek het nuus vir jou – Jesus Christus, ons groot helper in nood, sien alles, en wat meer is: Hy is by ons en laat ons rus op die magtige vleuels van sy sorgende en bewarende liefde. Hy sal jou nooit aan jouself oorlaat nie. Dit mag jy met volle sekerheid weet en glo.



DIE JONGSPAN

IETS VIR DIE KLEIN MAATJIES

Skryf die eerste letter van elke voorwerp neer – so kan jy die naam van hierdie plek leer.

Op hierdie plek is Jesus gekruisig (Matt 27: 33).



'n Gedagte

Skryf die dade van vriendelikheid wat aan jou bewys is in marmer; en die seerkry wat jou aangedoen is in die stof
- *Persiese Spreekwoord*-

BYBELBLOK

(TEKSEVERSE UIT 1984-BYBELVERTALING, TENSY ANDERS VERMELD)


AF

- Christus het ons ...-gekoop van die vloek wat die wet meebring [Gal 3:13].
- Sterrebeeld [Amos 5:8].
- God wat dit met geheime kan doen, het aan die koning bekend gemaak wat gaan gebeur [Dan 2:29].
- Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander ... begin praat [Hand 2:4].
- Die koningin van Etiopië is só genoem [Hand 8:27].
- 'n Stad in Likaónië [Hand 14:6].
- Die Woord van God is die ... van die Gees [Ef 6:17].
- Die enkelvoud van die vierde woord van Spr 21:13.
- Die eerste drie letters van Annanias se vrou se naam [Hand 5:1].
- Samuel het die Israeliete onderrig oor wat ... en verkeerd is [1Sam 7:6].
- Mordegai het 'n hoë posisie aan die hof ... [Ester 9:4].
- ... , wat saam met my ter wille van Christus Jesus gevangene is [Filem :23].
- 'n Joodse maand [Ester 3:7].
- En die ... van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes wag hou [Fil 4:7].
- Myns insiens, afk.
- In Lev 19:12 staan geskrywe dat 'n mens nie dit mag doen met 'n vals eed nie.

- Die Gussseërs was sy nakomelinge [1Kron 7:12]
- Die bevolking van Damaskus is deur die koning van Assirië na die plek toe weggevoer [2Kon16:9].
- Die Galasiërs sou dit uitruk en vir Paulus gee [Gal 4:15].

Dwars:

- Een wat nie vrugte dra nie, sny Hy af [Joh 15:2].
- 'n Skoonogter van Naomi [Rut 1:4].
- Die land waarvan Babel die hoofstad is [Jer 50:1&10; 33/53-vert.].
- Volgens Deut 13:3 stel die Here God ons op die proef om vas te stel of ons Hom liefhet het met hart en
- Hy is 'n getroue medegelowige [Kol 4:9].
- Baie belangrik.
- Dié dissipel wou eers sien voor hy glo [Joh 20:26].
- 'n Afstammeling van Sem [Gen 10:22]
- Die Psalmis sê sy dae verdwyn soos ... [Ps 102:4].
- 'n Seun van Jitran [1Kron 7:38].
- 'n Diersoort wat 42 van die kinders wat Elisa gespot het, verskeur het [2Kon 2:24].
- Die eerste drie letters van 'n nasie wat in Gen 13:7 genoem word.
- As jy so maak sal die Here antwoord [Jes 58:9].
- 'n Familiehoof van die stam Ruben [Eks 6:13].
- Die naam van Abraham se seun [Gen 21:3].
- Abraham het weggetrek na die plek wat hy as ... -deel sou ontvang [Heb 11:8].
- Een van die sewe gemeentes in die provinsie Asië [Openb 1:11].





Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys
Posbus 1824, BLOEMFONTEIN 9300

Lidmaatskap

Ek/ons onderskryf die doel, grondslag en missie van die VCHO en sluit hiermee as lid aan.

Ek/ons onderneem om 'n vrywillige donasie van R.....te maak per maand

kwartaal halfjaar jaar (merk toepaslike blokkie).

Eerste betaling (Meld die maand)

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. (Drukletters asb):

Voorletters en van.....

Posadres.....

.....Kode.....

Telnr.(h)..... Kerkverband.....

Gemeente..... Pensioentrekker.....

Beroep.....

Telnr. (w).....

.....
Handtekening



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERNREDAKSIE: Prof AWG Raath,
Prof DFM Strauss.



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom),
Prof PH Stoker (Potchefstroom, Onder-
voorsitter), Ds G van Heerden (De
Deur), Prof R Marè (Pretoria), Prof IH
Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Brits),
Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van
Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brak-
pan), Ds FJ van der Merwe (Koster),
Prof JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes